

MURRAYSBURGER



The secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is available on the website. Hard copies available at Kweperlaan Coffee Shop on request.

Contact details on page 2

Julie 2012
No 16

Murraysburg se Omgewingsforum wil dinge laat gebeur



Die droë Rooddamme



Die rede waarom die Rooddamme leeg is

Tydens die afgelope vergadering van die Omgewingsforum het die bestuur duidelik laat blyk dat die tyd vir praat verby en daar nou gedoen moet word.

Daar word reeds geruime tyd gepoog om die sloot, wat die Rooddamme van water vanuit die Buffelsrivier moet voorsien en toegeslik is, oop te grawe sodat daar weer leiwater vir die dorp beskikbaar kan wees. Boonop word gehoop dat die voëls sal terugkeer en die plantegroei so sal herstel dat die dam (of eintlik twee damme) weer 'n ontspanningsplek vir die gemeenskap kan wees.

'n Aanbod van 'n welmenende boer om die werk gratis te doen, is egter deur die owerhede van die hand gewys omdat tenders bekom moes word sodat die oopmaak van die voor tot werkskepping kon bydra. Die Beaufort-Wes Munisipaliteit moet egter eers fondse vir so 'n projek bekom en dit kan nog baie lank duur. Die Murraysburgers sien nie kans om so lank te wag nie.

Lede van die forum het onderneem om privaat fondse te bekom om die werk te laat doen en aldus Ronnie Klink, die munisipale bestuurder, kan daar voortgegaan word om die voor binne die volgende paar weke met privaat geld en inisiatief oop te maak. Dit sal die weg vir verdere ontwikkeling baan.

Op 14 Oktober 2012 begin in Beaufort-Wes die *Karoo Development Conference* en aldus Adri Smit, wat daarby betrokke is, is dit moontlik om van die sprekers en die media op 13 Oktober na Murraysburg te nooi om self te sien dat hier 'n gemeenskap is wat die bul by die horings pak om self die omstandighede in die dorp te verbeter.

Smit beplan om elke organisasie in die gemeenskap te betrek om verantwoordelikheid vir 'n gedeelte van die dorp te aanvaar, dit skoon te maak en so in stand te hou. Alhoewel die korttermyn doelwit die skoonmaak en verfraaiing van die dorp is, is die langtermyn doelwit beter onderlinge samewerking en die kweek van trots op wat eie aan Murraysburg is.

Aldus Elsabé Louwrens is die ergste groeipyne van die herwinningsprojek nou iets van die verlede en kry die projek meer en meer momentum. Hopelik sal die entoesiasme van veral die laerskoolleerlinge hulle ouers en familieledede ook herwinningsbewus maak.

Een persoon is reeds besig om afvalpapier met behulp van 'n eenvoudige masjien saam te pers om as plaasvervanger vir hout te gebruik. Om die ontbossing van die omgewing te bekamp, moet fondse vir meer sulke masjientjies gevind word en sal moontlike donateurs genader word. Gelukkig is daar baie afvalpapier vir dié doel beskikbaar.

Die lede was dit eens dat nuwe pogings aangewend moet word om verteenwoordiging van die polisie op die forum te verkry ten einde die probleem van rondloperdiere doeltreffend aan te spreek.

Die aansteeklike entoesiasme van die voorsitter, ds. André Louwrens, asook die lede wat verskeie instansies in die dorp verteenwoordig, het die forum na 'n hortende begin laat ontwikkel tot 'n organisasie wat nou dinge gedoen kry.

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135

SMS: 072 388 9284 / 082 5093 120

EPOS: renetheron@mweb.co.za / jennyballantyne@telkomsa.net

POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.

Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.

VAN DIE REDAKSIE

My kwaaiheid van verlede maand het vrugte afgewerp! Ek het 'n paar bydraes gekry en heelwat "tips" oor wat mense in so 'n nuusbrief wil sien. Dankie aan almal wat vorendag gekom het met voorstelle en kritiek. In die Elektroniese Ingenieurswese is daar 'n baie belangrike tegniek bekend as "negatiewe terugvoering" in teenstelling met die sielkundiges se "positiewe terugvoering". Maar sonder negatiewe terugvoering kan geen Hi-Fi, DSTV decoder, TV, mikrogolfoond, strykyster, of wat ook al, behoorlik werk nie. Daarvolgens word die uitset vergelyk met wat jy eintlik wil hê en die verskil, of sogenaamde foutsein, word teruggevoer na die inset juis om die uitsetfout reg te stel. Dis so eenvoudig soos dit en dit geld maar op alle vlakke van die lewe insluitende ons Murraysburger.

Groete,

René



Wat soek jy in Murraysburg?

Hoe het ons hier beland? Waar begin mens met die storie? Gebore en grootgeword in die karoo en toe vir 40 jaar in die beton oerwoude van die stede gaan staan en verdwaal. Daar was maar altyd die hunkering om eendag weer in die karoo te kom leef. Dit het egter een van daardie "eendag" drome gebly totdat die eerste domino skielik omgekantel het en die hele streep langs hom aan die omval gesit het. Het later-tyd so halfhartig die karoo-omgewing binne trefafstand van die groot stad verken maar kon nooit die regte plek kry nie. Toe eendag besef ek maar dit is juis die probleem – dié "binne trefafstand van die stad af". As mens wil wegkom moet jy behoorlik wegkom na 'n plek waar niemand anders wil wees nie. 'n Plek wat geen aantrekkingskrag inhou vir die ontwikkelaars en die super-rykes van die stede wat net soek na 'n naweek-blyplek nie. 'n Plek wat op die oog af onooglik is en wie se bekoring juis daarin lê dat daar niks aangaan nie. 'n Plek waar mens

kan terugkeer na die basiese dinge van die lewe. 'n Plek waar die lewe in sy eenvoud sal bly voortbestaan al raak die wêreld se olie op, al bars die borrel van materialisme, al stort die wêreld se geldstelsels in duie, al speel Eskom finaal bankrot. Ek het eenslag kom kuier hier in dié karoo dorp, 'n dorp wat ek tot op daardie stadium nog nooit van gehoor het nie en toe ek so om die draai kom deur die Bloupoort, weet ek sommer hiér's die plek wat ek gesoek het. Hier vind jy mense wat nog menswees verstaan en dit uitleef. Mense vir wie naasteliefde en meelewendheid tweede natuur is sonder enige by-motiewe. 'n Harde wêreld van uiterstes. Hier kan jy nie wegkruip van die genadelose gang van die natuur en die realiteite van armoede en swaarkry nie. In die stad leef jy agter beton mure en rolle doringdraad en slotte en is jy kunsmatig verskans teen hierdie werklikhede. Hier kyk dié dinge jou vierkant in die oë.

Vir die volgende uitgawes van die Murraysburger dink ek daaraan om so nou-en-dan 'n paar lukrake vertellings van my ervaringe en waarnemings te plaas. Daar sal geen orde aan verbonde wees nie en ek gaan ook nie die name van die karakters verklap nie. Hulle bly óf naamloos óf word skuilname gegee. Diegene wat hulleself raaksien – dis dalk blote toeval, maar trek maar die skoene aan as hy jou pas!

René Theron

In Memoriam

Dit is met hartseer dat ons verneem het van die heengaan van Stes Terblanche, Ettienne se broer. Stes is 'n oud-Murraysburger en het in 1978 matriek hier geskryf en daarna in die poskantoor begin werk en was ten tye van sy dood by Norlands Konstruksie in Umtata werksaam.

7 Februarie 1961 – 11 Junie 2012

AFKONDIGING i.v.m. **VLEISBASAAR 15 - 09 - 2012**



1. Vir die opsaag van karkasse benodig Danie baie hulp. Weens gesondheidsredes kan hy dit nie meer soos in die verlede hanteer nie. Danie wil graag vir die persone wat bereid is om te help vooraf wys hoe dit in

die verlede gedoen is by Pieter in sy slaghuis.

2. Vir die vleisprojek word donasies gevra in die vorm van geld, verpakkingsmateriaal en vleis.
3. Bestellings sluit op 19 Aug. 2012.
4. Diakens kollekteer asb. in wyke.
5. Sperdatum vir wild en beesvleis is 10 Aug. 2012.
6. Alles moet klaar bewerk en gevries wees teen 05 - 09 - 2012.
7. Die basaarkomitee: Danie, Jacques en Christa moet Danie asb. bystaan waar nodig
8. Tydens "All Pay" en die dag daarna kan daar nie opsaagwerk in die slaghuis gedoen word nie. Hou dit asb. in gedagte wanneer julle vleis kom aflewer.

Kerkraad, NG Kerk Murraysburg

'n Kruietuin verskaf die tuinier baie plesier



Elsabé Louwrens

Tydens die propvol Mei-vergadering van die Tuinbouklub het Elsabé Louwrens die lede gemotiveer om 'n eie kruietuin aan te lê omdat kruie nie net as

medisyne of vir kosmaak gebruik kan word nie, maar ook plesier kan verskaf en esteties bevredigend kan wees.

Kruie is die groen blaargedeelte van plante en is meestal vars geuriger as gedroog. Speserye is afkomstig van dele van plante wat nie blare is nie. Naeltjies is byvoorbeeld blomknoppe, kaneel bas, gemmer 'n wortel en peperkorrels bessies. Dille se saad is 'n spesery, maar die blare word as kruie beskou. Kruie verkies gematigde tot warm klimaatstreke, terwyl speserye die beste in tropiese en sub-tropiese gebiede aard.

'n Beskutte deel van die tuin teen 'n effense skuinste is ideaal vir 'n kruietuin aangesien kruie van warm, stil lug hou. 'n Heining van roosmaryn, salie of laventel sal die kruietuin goed teen die ergste wind beskerm.

'n Kruietuin behoort eers deeglik op papier beplan te word nadat besluit is oor die doel wat die kruietuin moet dien. Beskikbare ruimte, hoogte van plante, die naasmekeerstel van kleure, paadjies en maniere waarop jy toegang tot die beddings kan kry, moet in ag geneem word.

Die benadering kan botanies, tematies of esteties wees. In openbare tuine word gewoonlik 'n botaniese benadering gevolg en word 'n uitgebreide versameling kruie in hulle natuurlike orde geplant. Elke bedding bevat dan net een soort plant, wat 'n wye reeks voorbeelde van dié betrokke soort insluit. Uiteraard moet heelwat grond hiervoor beskikbaar wees.

Die tematiese benadering hang weer grootliks van persoonlike smaak en behoeftes af. Soms word tematiese kruietuine geskep volgens die kruie, wat in die Bybel of Shakespeare se werke genoem word. Ander is herskeppings van Middeleeuse kloostertuine of word die plante en beddings so gerangskik om 'n naam of 'n boodskap uit te spel.

Die meeste amateur-tuiniers wil die kruie nuttig kan gebruik, maar die kruietuin moet ook visueel aantreklik wees.

Die skaakbordpatroon is baie gewild omdat dit veel makliker as byvoorbeeld die ambisieuse wielpatroon is. Laasgenoemde verg dan nog 'n sentrale fokuspunt soos 'n sonwyser of standbeeld terwyl klein, vierkantige beddings (verkieslik 32) in verspringende rye makliker is om uit te lê. Die "wit" vierkante kan geplavei word of met spoelklippies uitgelê word, terwyl verskeie soorte kruie dan in die donker blokke geplant word.

Kruie en speserye, wat die meeste gebruik word, is pietersielie, oreganum, roosmaryn, saffraan, salie, tiemie, dille, vinkel, basiliekruid, lourierblare, grasuie, kaneel, naeltjies, koljander, ment, mostert, neutmuskaat en gemmer.

Louwrens se interessante praatjie sal beslis tot die ontstaan van verskeie kruietuine in die Murraysburgomgewing lei!

Iemand het een geword!



Emma Conradie het op die 14 Junie een geword saam met haar Mamma.

Ons wil net baie dankie sê vir al die Murraysburgers se belangstelling en liefde ... ons het al die oproepe, sms'e en eposse baie waardeer terwyl ons in die Kaap gekuier het. Die Murraysburg Trio se sang was ook baie spesiaal vir ons en sal ons altyd bybly!
Seënwense vir julle almal!

~Liesl Conradie ~

Aspersies in die Karoo

Indien die droom van Elsabé Louwrens en Percy Reynolds waar word, kan Murraysburg dalk binne 'n paar jaar die omgewing van aspersies voorsien. Tydens die Mei tuinbouvergadering het Elsabé, wat heelwat navorsing in dié verband gedoen het, aan die lede verduidelik hoe aspersies, wat goed in ons koue klimaat behoort te aard, aangeplant en versorg moet word.

Afgesien daarvan dat aspersies vir baie mense 'n besondere lekkerny is, is dit laag in kilojoules en natrium, bevat geen cholesterol nie en is 'n goeie bron van kalium, vitamien C, yster en dieetvesel. Aspersies is eeue gelede vir die eerste keer in Griekeland vir medisyne aangeplant en eers later as voedsel gebruik. Koning Louis XIV van Frankryk was so versot op aspersies dat hy dit in kweekhuise laat plant het sodat hy die hele jaar deur aspersies kon geniet!

Aspersies is in 'n botaniese klas van sy eie met 120 spesies in die Asparagaceae genus en kan van saad of krone gekweek word. Die saad moet in Oktober tot Desember nadat dit vir 24 uur in water geweek is 5 cm diep in saadkassies of direk in die voorbereide beddings gesaai word. Ontkieming is stadig en kan tot drie weke duur. Die plantjies moet uitgedun word tot ongeveer 30-40 cm van mekaar af, goed natgemaak en onkruidvry gehou word.

Sekere variëteite ontkiem die beste binnenshuis by 'n temperatuur van ongeveer 15-18° C. Sodra die saadjies ontkiem het, moet die saadbakkies na 'n koel, ligte area soos 'n vensterbank verplaas word, maar nie in direkte sonlig nie. Die plantjies moet geleidelik aan toestande buite gewoon gemaak word en dan in die goed voorbereide bedding geplant word.

Soos die aspersieplant groei, vorm dit 'n mat van lang silindervormige wortels wat horisontaal versprei en wanneer dit ongeveer een jaar oud is 'n kroon genoem word.

Aangesien dit 'n lang en moeisame proses is om aspersies van saad te kweek, is dit makliker om saadkrone te koop. Plant die krone 15 cm diep en 30 cm uitmekaar in 'n sloot, wat ongeveer 'n halwe meter wyd is. Bedek met grond sodat net die groeipunte uitsteek. Aspersies hou van goed gedreineerde en bemeste grond met 'n pH van tussen 6.5-7.5. As die grond baie suur is, kan dit nodig wees om kalk by te voeg.

Omdat aspersies vlak wortels het, moet onkruid gereeld met die hand verwyder word sonder om die wortels te beskadig. Namate dit ouer word, is die wortelstelsel geneig om na bo te kom en moet dan met nog goeie grond bedek word. Plant aspersies op 'n beskutte plek aangesien sterk wind die groei inhibeer en 'n kleiner oes die gevolg sal wees.

By vroulike plante, wat rooi bessies dra, moet die stele afgesny word voordat die saad ryp word, val, ontkiem en die manlike plante, wat die eetbare lote dra, verdring. Die lote moet eers na drie jaar geoes word ten einde die plante die geleentheid te bied om sterk te word. Onder ideale omstandighede groei aspersielote blitsvinnig – tot 25,4 cm in 24 uur! Oestyd is laat lente en vroeg somer wanneer die lote ongeveer 14 cm lank is en duur van 6-8 weke, maar daar moet nie langer as vier weke by een plant geoes word nie.

Na die oes moet die aspersiebeddings 'n dik deklaag van goedverrotte mis kry, want 'n goedversorgde bedding sal vir tot 20 jaar 'n mooi oes oplewer.

Maryna Wallis het vertel dat sy op Springfontein aspersies suksesvol geplant het en Percy Reynolds, wat allerlei eksotiese groente soos okra op Grootdriefontein plant, wil in die komende somer aspersies van krone kweek, terwyl Elsabé Louwrens se eerste saadjies al ontkiem het, al is hulle nie op die regte tyd gesaai nie.

Wie weet, dalk word Murraysburg die aspersiemekka van die Karoo!



Die pessimis sê die glas is halfleeg -
Die optimus sê die glas is halfvol -
Die opportunis sê terwyl die ander twee gestry het oor die halwe glas, het hy dit opgedrink!



Al ooit gewonder oor die pragtige silwer band van dermiljoene sterre wat ons elke aand bokant ons sien oorbeweeg en wat ons die melkweg noem? Ons sonnestelsel is deel van 'n reuse sterrestelsel, 'n plat spiraal, met die naam van die Melkweg. Stel jou voor 'n klein goggatjie sit op die rand van 'n allemintige groot gebakte eier en kyk na die middelpunt van die eier. Wat hy sien is 'n klomp eier in die middel wat soos 'n band om hom strek van sy horison tot horison. Nou draai die gogga al in die rondte maar hy dink hy staan stil en daarom lyk dit vir hom of die band van eier al om hom draai. Laat hom nogal belangrik voel! Ons is maar net 'n gogga op die rand van ons sterrestelsel wat ook so plat is soos 'n gebakte eier. Wat ons as die melkweg beskryf, is eintlik 'n blik deur die middel van hierdie plat skyf van biljoene sterre wat ons Melkweg uitmaak.

Gedurende die wintermaande, as mens mooi kyk, kan jy die Andromeda sterrestelsel laag op die noordelike horison sien. Dit is 'n sterrestelsel wat amper net so groot as ons Melkweg is en dieselfde vorm het nl. soos die plat gebakte eier. Deur 'n teleskoop sien mens so 'n wasige plat wolkerigheid en met slim fotografie vertoon die pragtige plat spiraal van biljoene sterre wat stadig om sy eie as draai, sy ware kleure en vorm.

Astronome weet al lank dat die Andromeda sterrestelsel al nader aan ons beweeg. Nou het hulle bevestig dat daar beslis 'n botsing gaan wees met ons eie Melkweg – met skouspelagtige gevolge. Ten opsigte van kosmiese verskynsels is daar seker niks so dramaties soos die botsing van twee reuse sterrestelsels nie. Dit is egter iets wat met reëlmaat gebeur – in werklikheid is ons Melkweg op hierdie oomblik besig om die baie klein Saggitarius Dwerf Elliptiese sterrestelsel (SAGdeg) op te eet. Nie dat ons dit juis agterkom nie! Maar klein onderonsies soos hierdie is maar net opwarmings-oefeninge vir die groot skouspel wat gaan plaasvind wanneer ons Melkweg en Andromeda se paaie eendag gaan kruis. Die twee reuse nader mekaar tans teen 'n spoed van 400 000 km/uur. Die foto hierbo is 'n voorstelling hoe dit moontlik sal lyk net voor die groot botsing plaasvind. Dit sal darem 'n ongelooflike gesig wees – veral hier in ons pragtige karoo-nagte. Ek sou wat wou gee om dit te kon aanskou maar ek twyfel of ons nog in die rondte gaan wees wanneer dit gebeur. Andromeda is tans ongeveer 2½ miljoen ligjare van ons af en selfs teen die verbysterende spoed reeds genoem, sal dit omtrent

4000 miljoen jaar neem voordat die twee stelsels mekaar begin omhels. Dan sal dit nog sowat 2000 miljoen jaar neem vir die twee om heeltemal in mekaar verstrengel te raak. Wat gaan gebeur wanneer honderde duisende van miljoene sterre van die twee wêreldes begin deurmekaar raak? Eintlik niks. Daar is net te veel leë ruimte tussen al die magdom sterre. Individuele sterre sal bietjie rondgeskommel word en in nuwe bane begin beweeg en die sterreheem sal heelwat anders lyk, maar fisiese botsings tussen sterre is hoogs onwaarskynlik.

En so sal die kosmiese danse met reëlmaat voortduur, ongestoord deur die woelinge van 'n nietige mensdom wat in die vlietende oomblik van sy bestaan dink alles bly dieselfde en alles draai om hom.

~ René Theron ~

DON'T WASTE THAT LEMON PEEL

Many professionals in restaurants and eateries are using or consuming the entire lemon and nothing is wasted.

How can you use the whole lemon without waste?

Simple. place the lemon in the freezer section of your refrigerator. Once the lemon is frozen, get your grater, and shred the whole lemon (no need to peel it) and sprinkle it on top of your foods.

Sprinkle it in to your vegetable salad, ice cream, soup, noodles, spaghetti sauce, rice, sushi, fish dishes. All of the foods will unexpectedly have a wonderful taste, something that you may have never tasted before. Most likely, you only think of lemon juice and vitamin C. Not anymore.

Now that you've learned this lemon secret, you can use lemon even in instant cup noodles.

What's the major advantage of using the whole lemon other than preventing waste and adding new taste to your dishes?

Well, you see lemon peels contain as much as 5 to 10 times more vitamins than the lemon juice itself. And yes, that's what you've been wasting. But from now on, by following this simple procedure of freezing the whole lemon, then grating it on top of your dishes, you can consume all of those nutrients and get even healthier.

It's also good that lemon peels are health rejuvenators in eradicating toxic elements in the body.



So place your lemon in your freezer, and then grate it on your meal every day. It is a key to make your foods tastier and you get to live healthier and longer! That's the lemon secret!

Better late than NEVER!

The surprising benefits of lemon!



Johnnie van der Merwe

VLV kry kykie agter Animasieskerms

Tydens die Junievergadering van die plaaslike VLV-tak het Johnny van der Merwe 'n groot groep lede en enkele gaste so effens agter die animasieskerms laat loer en hulle laat besef dat dié tipe filmvervaardiging afgesien van besondere kreatiwiteit baie geduld, tyd en mannekrag verg.

Johnny is die seun van Johanna en Izak van der Merwe van Stellenboschvlei, wat onlangs met sy vrou tjie Lisa-Marie die blink ligte en geskarrel van die lewe in Kaapstad vir die pragtige sterrehemel en rustigheid van die Karoo verruil het om geleidelik die boerdery op Stellenboschvlei oor te neem. Hy was 'n student van City Varsity waar hy alles van die animasieproses geleer het.

Die meeste dames het wel geweet dat 'n groot klomp getekende prentjies nodig is om 'n animasieprent te vervaardig, maar het geen voorstelling gehad van hoe arbeidsintensief die vervaardiging van so 'n film is nie. Minstens twaalf prentjies, wat die verskillende stadia van beweging van die karakters aandui, is nodig om een sekonde se film te maak. Dan moet die voorgrond, agtergrond en bykranke ook nog in aanmerking geneem word. Vandag word meestal 24 prentjies per sekonde in rolprente gebruik, alhoewel dit tot 120 kan wees.

Die tegnieke wat gebruik word, het baie ontwikkel en verander. Van die tradisionele tekenproses is oorgegaan na kleikarakters en karakters van karton of stewige papier waar gesigsuitdrukkings byvoorbeeld verander is deur ander oë en mond op die kartongesig te plaas. Daarna is transparante, wat oormekaar geskuif is om die gewenste effek te verkry, gebruik. So kon die agtergrond makliker verander word.

Die rekenaar het 'n groot omwenteling in die animasieproses teweeggebring en met behulp daarvan word twee-dimensionele en ook drie-dimensionele films vervaardig. Poppe met beweeglike ledemate word steeds gebruik en baie persone is by die proses betrokke.

Diegene, wat in die pre-produksiefase werk, skryf die stories, skep die karakters en bepaal die milieu en agtergrond. Tydens die produksiefase werk 'n hele span om die dialoog en aksie by te sit. Dit is nodig om voor die tyd te oefen en goeie verhoudings van die spanlede onderling is natuurlik van die grootste belang. Die tekenaars, wat by hierdie fase betrokke is, het heelwat vryheid om hulle kreatiwiteit in te span, maar werk ook

onder groot druk. Hulle teken enige iets van 45-75 prentjies per dag.

Tydens die derde fase, genoem post-produksie, is dit die redakteur se taak om al die baie prentjies bymekaar te sit om 'n aaneenlopende storielyn te verkry.

Aangesien Johnny van der Merwe sy praatjie deurlopend met behulp van 'n groot skerm geïllustreer het, kon die dames maklik volg en het 'n nuwe wêreld vir hulle oopgegaan

Jong egpaar bring almal bymekaar

Ten spyte van snerpende koue het Sophia en Jaco van Heerden die haas onmoontlike reggekry toe hulle op 19 Mei 95% van Murraysburg se boere en selfs 'n groepie dorpenaars in die skousaal vir 'n spitbraai bymekaargekry het.

Aldus Jaco was die doel van die partytjie slegs om almal die geleentheid te bied om gesellig saam te verkeer. Met 'n groot kaggelvuur en die aansteeklike warmte van die gashere se vriendelikheid was die koue buite gou vergete en is daar land en sand gesels en té lekker gekuier. Die oudste gas, oom Dammetjie Rossouw van oor die tagtig, sowel as die jongste een, die twee weke oue Frederik de Klerk, het die aand ewe veel geniet.

In die afgelope tien jaar, nie eens met die afskeid van ds. Schalk du Toit of die verwelkoming van die Louwrense, was daar so baie en so uiteenlopende mense in Murraysburg bymekaar met die uitsluitlike doel om mekaar se geselskap te geniet nie. Selfs diegene, wat maar gewoonlik eenkant hou, kon die hartlikheid van Jaco en Sophia se uitnodiging nie weerstaan nie.

Die gaste het so weggelê aan die meesterlik voorbereide vleis, gemengde groente, aartappeltjies, slaai en brode dat die reuse nageregkoek eers nie tot sy volle reg kon kom nie. Maar so tussen die gedans en gesels deur het hy al kleiner geword.

Elkeen teenwoordig het besef dat as almal so heerlik kan saamkuier hulle ook moet kan saamwerk om die aftakeling en verval van die dorp teë te werk en is hulle gevul met nuwe hoop vir 'n beter toekoms. Aan Sophia en Jaco 'n groot dankie vir 'n gesellige aand, maar veral ook die nuwe wete dat daar 'n groter samehorigheidsgevoel is as wat tot nou toe vermoed is.



Life's like a teabag. Not of much use until it has been through some hot water



'n Boer se
het eendag
geval. Die
ure lank

ou donkie
in die put
ou dier het
gebalk

terwyl die Boer probeer het om 'n plan te maak.

Uiteindelik besluit hy toe dat die ou dier reeds te oud is, en die put het in elk geval nie meer water in nie en moet dus maar toegegooi word.

Toe nooi hy al sy bure om hom te help om die put op te vul. Elkeen het 'n graaf gebring en begin om grond in te gooi. Die ou dier besef wat aangaan, en protesteer luidkeels. Maar, tot almal se verrassing, word dit skielik stil. 'n Rukkie later loer die Boer oor die kant van die put en sien wat gebeur.

Die donkie skud elke graaf vol grond wat op sy rug val, af en trap dit vas. Terwyl die span manne die grond ingooi om die put op te vul, skud hy die grond af en klim elke keer 'n tree hoër.

Uiteindelik stap die donkie oor die rand van die put en draf weg!

As die lewe jou probeer onderkry deur alles wat op jou val, moenie moedeloos word nie. Skud dit af en gebruik dit vir 'n trappie boontoe.

**MOET NET NIE MOED OP GEE NIE
SKUD DIT AF EN TRAP DAAROP!**

Fracking

The mere mention of the word is enough to raise the hackles of karoo farmers and lovers of the karoo alike. It is a monster looming on the horizon and the greatest fear is perhaps the fear of the unknown. But what is known, is that it means meddling with nature – yet again. And when-ever, where-ever mankind meddled with nature, the results were inevitably disastrous. Sometimes not so evident in the beginning but there is always a price to pay in the long run. The price in this case could be the contamination of precious water resources, the spoiling of a pristine landscape, the disturbance of an ancient peace that has prevailed for eons over our vast karoo lands.

Students of JRR Tolkien and those who saw the trilogy of the Lord of the Ring can perhaps see Shell's huge trucks and drilling machines as analogous to the dark forces described by Tolkien and so well portrayed by Peter Jackson's films, Lord of the Rings. All those ruthless monsters and terrible war-machines hell-bent on destroying everything in their path to achieve their

goals. Goals set to them by the evil Morgoth, the principal agent of evil, and his lieutenant, the dark Lord Sauron living in the palace of Dol Guldur.

Who and what sits behind the big oil companies like Shell (*The war machines*) and where does Big Money (*Lord Sauron*) come from? Its origin lies in a monster called GREED (*Morgoth*), the root cause of all mankind's problems. The want for more and better and bigger, the lust for power — and the destruction these visit upon oneself and others. The disregard of Nature in the quest to live a comfortable, easy and abundant life and thus fuelling this world's insatiable hunger for energy, is in the final analysis the license for fracking to go ahead. To use less, to want less and to live with the flow of Nature as a means to the end and not an end to the means, is what we should strive for.

The sad fact is that unlike in Tolkien's fantasy writings where the dark forces are eventually conquered, in the real world nothing stands in the way of Big Money. Big Money but always wins in the end and bulldozes any opposition into oblivion. Big Money stops at nothing in other to grow even bigger. It is like a cancer that eventually destroys its host and in the process itself. Fracking is going to happen, whether we like it or not. Big Money has already paved the way and greased the launching rails and palms. The only salvation lies in a forlorn hope that the gas extraction would not be economically viable and only then will Big Money turn its back and go for the next target. Or maybe, just maybe, this time around Tolkien's fantasies may come true and Bilbo and Frodo Baggins from Hobbiton may succeed in stopping Morgoth's relentless march of destruction.



Please visit:

<http://kahfan.blogspot.com/> for more
information and for your support



“The Very Live Tour” – Nieu-Bethesda Press Release

For anyone who has not yet spent time in Nieu-Bethesda or experienced the mind-altering beauty of the Great Karoo, “The Very Live Tour” is the perfect opportunity to plan a road-trip to the home of South African ‘outsider art’.

The village of Nieu-Bethesda is situated in a valley in the Sneeu Berg Range, 1500 meters above sea level and overshadowed only by the usually winter, snow-capped Compasberg which towers imperviously above the arid expanse of the Great Karoo, "where the land meets the sky".

This high altitude semi-desert is a nature-lover's paradise that is home to the largest variety of succulents in the world; as well as eagles, hahas, sacred ibises, secretary birds, blue cranes, flamingoes, otters, lizards, snakes, tortoises, bat-eared foxes, kudu, springbok, reedbuck, wildebeest, wild cats, ground squirrels and aardvarks.

In times gone by, agriculture was the driving force of Nieu Bethesda's economy; the region's Angora goats and Karoo lamb are famous.

Nowadays much of the industry is related to art with various craft shops and galleries, potteries and sculpture gardens - most famously, the late Helen Martins' amazing, world renowned "Owl House".

On Saturday the 28th of July, the Nieu-Bethesda will host the sublime talents of two of this country's finest guitarists when Steve Newman and Greg Georgiades will perform a selection of their original compositions in the Old Church Hall in Martin Street.

Steve Newman is one of South Africa's most accomplished acoustic guitarist who has achieved unrivalled success as a soloist over the past three decades as well as being an integral part of various collaborations with fellow South African musicians. He has written a history for himself that very few can equal. A consummate instrumentalist, he has traversed the globe with his mesmerizing talent, both as a soloist as well as with the bands Tananas, the Aquarian Quartet, In the Clouds, Mondetta, and a duo with Tony Cox. Tananas has played festivals & concerts in Australia, Singapore, Japan, Hong Kong, France, Sweden, UK, Spain, Canary Islands, USA, Mozambique, Namibia & Zimbabwe. As a soloist he has played UK, Holland, Belgium, India, UK, Norway, Mozambique & Namibia.

Greg Hadjiyorki Georgiades is a multi instrumentalist who plays acoustic nylon string guitar, oud, bouzouki, ukelele and also electric guitar and sarod. He has used these instruments in many thrilling collaborations with various other iconic local musicians across all genres including McCoy Mrubata, Madala Kunene,

Errol Dyers, Tony Cox, Syd Kitchen, Marc Duby, Ernest Mothle, Ashish Joshi, Jeff Maluleke, Simphiwe Dana, Julian Bahula, Mlungisi Gegana, Kevin Davidson, Khaya Mahlangu, Zamo Mbutho, Lungile Dlamini and many more with whom he has performed and recorded included Miriam Makeba and of course Steve Newman.

Together these two consummate performers are known for their dynamic harmonies and melodic adventures that have transported audiences across the length and breadth of the country on a spicy, sonic journey of rhythmical delight that is sure to leave you thrilled and rejuvenated.

This event has been organized to create a greater awareness about the dangers and threat of Fracking in the Karoo and we will be screening a preview of the as yet unfinished documentary entitled Un-earthed.

Tickets for the performance are R100 and bookings can be made by phoning 049 841 1642 or 072 742 7113. For information about accommodation and meals please log onto <http://www.nieu-bethesda.com>

So whether your interest is music, art, bushman paintings, fossils, climbing, hiking, bird-watching, mountain-biking, horse-riding, game-viewing, stargazing or just sitting on the stoep watching the world pass by, you'll never be at a loss for things to do in Nieu Bethesda.

The Very Live Tour
featuring
Steve Newman & Greg Georgiades
in
Nieu-Bethesda

Sat. 28 July
The Old Church Hall
19h00 - R100
Bookings 049 841 1642

...preview screening of the documentary Unearthed...

don't **frack** with the Karoo



Ode aan die Pampoer

Ek is baie lief vir pampoer. Jy kan dit vir my in enige vorm voorsit en dit bly 'n wenner.

Vandat botterskorsies so gewild geraak het, is die ou boerpampoer uit die mode. My dogter wat die groente koop sê boerpampoer is haas onverkrygbaar en wanneer dit beskikbaar is, is dit onbekostigbaar.

In die ou dae was "squash" baie gewild. Hoe jonger daardie pampoene is, hoe lekkerder is dit. Ons het selfs die skil as groente gebruik. Of skywe pampoer in die oond gebak met suiker en kaneel. Wat 'n lekkerte.

Gisteraand het my dogter vir ons botterskorsiesop gemaak, een van my gunstelinggeregte. Die sop was ryk en romerig. Vroeër toe my seun met sy Duitse vroultjie getroud is en sy my van pampoensop vertel het, het ek gedink dit is maar net 'n uitlandse gereg en wou nie my mond daaraan sit nie. Nou kan ek nie wag vir 'n koue aand sodat ons pampoensop kan eet nie.

Dan is daar pampoerkoekies wat met 'n kaneelsousie bedien word. Ag, hoe water my mond nou!

Mens kan die jong blaartjies van pampoerranke pluk en 'n heerlike dis daarvan kook. Dan kan mens ook 'n sop maak waarin jy die pampoerblomme gebruik. Vir die plaasmense is hierdie disse nogal algemeen maar vir ons stedelinge is dit eintlik 'n lekkerny. Het jy al pampoerblare of -blomme op 'n mark te koop gesien?

Vroeër jare is pampoer as varkenskos geag maar gelukkig is dit nou 'n gereg wat baie op spyskaarte in verskillende variasies verskyn. Ek dink ook aan Steve Hofmeyr se liedjie "Pampoer" en Anton Goosen wat sing van "Pampoene op die dak". Mens sien ook gereeld spotprente van platdak-plaashuisies met die pampoene wat die sinkplate moet vashou, maar behalwe dat dit die sinke kon vashou was dit die manier om pampoene vir to 6 maande te bewaar vir gebruik. Die pampoene kom niks oor nie..

Daar is ook 'n paar spreekwoorde wat met pampoer te doen het. Waar, byvoorbeeld, kom die spreekwoord vandaan: "Ek skrik nie vir koue pampoer nie". Dan sê ons ook maklik vir iemand wat nie presteer e "dat hy 'n pampoerkop is". Soms praat mense ook van 'n

pampoenspook. Dit is 'n uitgeholde pampoer met 'n kers aan die binnekant. Alhoewel dit nie 'n Suid-Afrikaanse gewoonte is nie, ken ons dit darem.

Wanneer die kinders om my geneul het en gevra het wat ons daardie aand sou eet, het ek sommer gesê: "Pap en pampoer." Dit het gewoonlik hulle monde stil gemaak want dit het nie geklink na 'n dis waarna mens sou uitsien nie.

Ek kan eintlik nie glo dat daar mense is wat skoon ril as hulle hoor dat daar pampoer gekook word nie. Dis vir my snaaks want in ons huis is daar eintlik niemand wat nie van pampoer hou nie. My kleinseun eet sommer pampoer wat oorgebly het vir nagereg. Vir my is dit lekker om hom te sien weglê aan 'n bord pampoer en dink dan dat hier ook iemand is wat soos sy ouma pampoer as poeding beskou. Wat is lekkerder as 'n skeppie pampoer met 'n klont botter in die middel ingedruk? Heerlik!

Ons het altyd vir die kinders gesê dat hulle hulle pampoer moet eet want dan sou hulle krulhare kry. Dit het niks gehelp nie want meeste van die kinders se hare is so styl soos stokke. En in elk geval dan het ek seker met 'n bos kroeshare gesit van al die pampoer!

- Will Beckmann ~

Aandag al die Boere

Lekker bymekaarkomplek. In plaas van by die koöperasie in die pad te staan en gesels, kom gesels lekker by die **Kweperlaan** en geniet die beste koffie en allerhande soetighede. Op die koue dae is daar genoeglike sop en tuisgebakte brood en indien julle lus is vir 'n middagete, reël net vooraf met Jenny by 082 509 3120.



Uit die Perd se Bek

Grondhonger is in almal se gemoed – behalwe dié wat “landbou goed ken”. Sê vir 'n boer se vrou – jou man wil nog grond koop – haar woorde sal wees – ek het nou genoeg van skuld en plase betaal. Dit is harde werk en bloedsweet. Dit is soos “*almal wil 'n huisie by die see hê*” – tot die huisie onderhou moet word.



Wanpersepsies is die sleutel tot grondhonger

Dit is niks nuuts nie – die dilemma is net die onbeholpenheid van sommige om gewilde politieke uitsprake te wil maak soos ons maar te dikwels moet aanhoor. Die voorspoed wat in die Landbou gesien word, is deur geslagte se toewyding en spaar en swaarkry tot stand gebring, nie deur vergrype nie. Daar is ook net enkele voorbeelde waar geld van buite die landbou, kits-sukses bewerk het. En die oënskynlike sukses is ook maar bedrieglik. Gaan gerus die geskiedenis na – weinig boere kon in die laaste 30 jaar opstaan in die Landbou deur die Landbou sonder die erflating en kennis van die voorgeslagte!/? Baie voorbeelde bestaan van persone wat werkende eenhede gratis ontvang het en dit steeds nie kon maak nie – bloot omdat daar nie geld in Landbou is nie – slegs die absolute “committed” toegewyde persone met toegewyde gesinne maak dit op 'n plaas – gee nie geld uit nie, want daar is nie om te mors nie.

Dit is ons boere se plig om die wanbegrippe uit die weg te ruim en te vervang met begrippe soos:

1. It is not land that improve people, it is people that improve land.
2. Land cannot reform people – people have to reform land into productive farms.
3. 'n Land is nie ryk as daar goud onder die grond is nie -'n land is eers ryk as die goud ontgin word. Grond is niks as dit nie produseer nie.

4. Voorspoed op 'n plaas moet eers daar afgedra word voor dit kan terugkeer.
5. Plase moet eers produkte verkoop – anders gaan jy ook nie kan koop nie – of die plaas moet verkoop!
6. Moenie op 'n plaas môre se deel vandag uitleef nie
7. Op 'n plaas moet jy eers saai en miskien sal jy – as dit reën, as dit nie hael nie, as dit nie té warm of té koud word nie – gelukkig wees om te maai en jou geld terug te kry en genoeg oor hê om weer te saai en genoeg kos oor het om nog 'n jaar van te leef
8. Geld wat jy het, is nooit joune nie – almal in Landbou leef uit jou oes.

Jos Cloete

(Oorspronklike teks aangepas – Red)

Omgee uit Gauteng

Kinders van Murraysburg ervaar die omgee van Gautengers in die vorm van klere soos wat hulle gedurende die Desembervakansie elke dag 'n heerlike, voedsame ete ontvang het.

Van die skenkers van die etes, wat self gedurende die Desembervakansie hier was om die vreugde, wat 'n bord kos kon verskaf, te sien, was so aangegryp deur die groot nood en die verskil, wat hulle kon maak, dat hulle terug in Pretoria aan die werk gespring het om tweedehandse klere in veral Waterkloof en Constantia Park onder leiding van Jeanne Grové en haar helpers, Riani van Tonder en Elaine van Wyk, in te samel.

Die klere word deur Perry French in groot sakke herverpak en by die depot van die Interkaap busmaatskappy besorg. Dié busdiens vervoer die baie sakke gratis na Graaff-Reinet wanneer daar beskikbare spasie is en twintig minute voordat die bus Graaff-Reinet bereik, skakel die betrokke bestuurder pastoor Willem Kloppers van die AGS-kerk. Dit is 'n groot opoffering om nou in die koue teen 3:00 op te staan om die sakke in ontvangs te neem en te stoor totdat Erna Swanepoel vanaf Murraysburg vervoer na Murraysburg gereël het. Pastoor Kloppers doen dit egter met 'n groot glimlag en die kinders van Murraysburg sou hom graag wou bedank.

Erna Swanepoel, wat die projek, soos in Desember die Agape voedingsprojek, uitstekend koördineer, versprei die klere na verteenwoordigers van verskillende kerke en instansies, wat dan sorg dat dit by sorgbehoewende kinders uitkom. Meer as honderd sakke klere is al

hanteer en daar kom steeds meer uit Gauteng, die sogenaamde Gangster's Paradise, waar daar gelukkig ook engele woon. Baie persone, wat almal hulle tyd en energie gratis beskikbaar stel om 'n verskil te maak, is betrokke.

Van die klere vir volwassenes word teen 'n nominale bedrag verkoop en die geld word dan weer aangewend om die projek te bevorder. Die insamelaars in Pretoria het ook groot rolle materiaal vir die dames van die naaldwerkprojek by die Thusong-sentrum asook 'n breimasjien gestuur. Van die skenkers het spesiale voorwaardes vir die uitdeel van hulle gawes. Swanepoel en haar helpers kom hierdie voorwaardes met graagte na sodat die maksimum voordeel uit die skenkings getrek kan word.



Speel-speel word sportuitrusting aangepas terwyl sakke uitgepak word!
V.l.n.r.: Miemie Terblanche, Piet Heynse, Clara Fortuin, Erna Swanepoel

Tussen die klere is daar ook stukke sate en ander speelgoed, wat vrywilligers in Murraysburg kosteloos herstel, vir latere gebruik in die traumasentrum. Dis onmoontlik om al die betrokkenes na behore te bedank en hulle doen dit ook nie om bedank te word nie, maar om die nood te verlig. Die Murraysburgers weet nou egter dat daar ook veel goeds uit die Gangster's Paradise kan kom en sê baie dankie.



Ou Boeke?



Moet dit asseblief nie gaan staan en verbrand soos die Limpopo se Dept van Onderwys doen nie. Tannie Elsie Smuts soek dringend na ou boeke wat sy vir die Hospice in Paarl en vir TEARS in Vishoek wil skenk vir hulle tweede- handse boektafels. Die Hospice en die goeie werk wat hulle doen, het geen bekendstelling nodig nie maar nie almal weet wie TEARS is nie. Dit staan vir "The Emma Animal Rescue Society". Besoek gerus hulle webwerf by <http://www.tears.org.za/> om meer van hulle te wete te kom. Kontak tannie Elsie by 049 844

0227

Eerste Sneeu



Die eerste sneeu van die winter het Vrydagoggend, 8 Junie, die veld, bossies en pad op die hoogliggende dele tussen Murraysburg en Graaff-Reinet vanaf Grand View tot Zuurplaats spierwit bedek. Aangesien die sneeu op die pad 5cm en dieper gelê het, het motoriste maar teen 'n slakkegang kon beweeg.

Groot dele van die distrik het ook welkome ligte reën ontvang en het die neerslae van 4-10 mm gewissel. Teen die namiddag was die sneeu in die veld en op die pad gesmelt en het slegs nog die Sneeuberge hulle naam gestand gedoen.



Die vreugde van 'n Plattelandse Dorpie

My Server sê toe dis 'n Telkom fout en die probleem word na hulle toe "ge-eskaleer". Dis nou computertaal om te sê die probleem moet deur Telkom opgelos word - slegte nuus, veral oor 'n naweek. In die dorp woon ons plaaslike Telkom tegnikus by name Frans Telkom - wat anders?! Ek kry vir Frans die aand in die straat en vertel hom van my probleem. Hy sê toe daar is 'n hele klomp gebruikers in die dorp wie se ADSL lyn dood is as gevolg van 'n kragprobleem, onder andere die skool, die munisipaliteit, en nog 'n paar ander plekke maar daar is niks wat hy aan die saak kan doen nie want net Graaff Reinet mag aan die goed kom werk. Die volgende oggend kry ek hom weer in die straat en hy sê toe hy lê op die Graaff Reinet se nekke maar hy glo nie hulle sal voor die Maandag iets doen nie. Omtrent 'n uur later kom ek agter my rekenaar is rooiwarm soos hy twee dae se eposse begin aflai. Net toe bel Frans my en sê hy het êrens 'n sleutel in die hande gekry en sommer self die goed gaan regmaak! 'n Dag later bel hy my weer om te verneem of alles nog reg is. Die lekkerte van 'n klein dorp. Waar sal jy in die grote stad sulke persoonlike diens kry?

Re-ünie van Oud Hoërskool Murraysburg Leerlinge

21 -24 September 2012

Voorlopige/Voorgestelde program

Vrydagaand: Vanaf 18h30 registrasie en samekoms by skousaal met ete aangebied deur VLV, uitruil van foto's en mekaar weer ontdek (Bring asb. alle ou foto's , "keepsakes", matriekhemde, vrybriewe, ens. saam!)

Saterdagoggend: 09h30 tot 12h00 Besoek aan Hoërskool. (Daar mag 'n verassing wees!)

Saterdagmiddag: 12h00 tot 17h00

Die volgende aktiwiteite is beskikbaar en die idee is dat elke persoon die aktiwiteit van sy/haar keuse doen, maar dit is baie belangrik dat die kontakpersoon reeds 2 weke voor 21 September, m.a.w. voor 7 September moet weet wie wat wil doen sodat ons kan reël met die persone wie julle gaan ontvang. Hier kom die piekniekmandjie nou in, want elke familie/persoon gaan met sy/haar piekniekmandjie wat jy/sy bestel of self saamgestel het, na die besoekpunt. Dit is baie belangrik dat vooraf gereël moet word! Persone wat dit nie doen nie, staan gevaar om nie geakkomodeer te word nie,

Aktiwiteite:

1. Fossielroete - Grootdriefontein, Percy en Sarie Reynolds
2. Besoek aan hoë standaard wildkamp - Boeta Grobler, Doringkloof
3. Besoek aan kloof met waterval - Marcel Van Heerden, Waterval
4. Besoek aan kloof met waterval, asook perdry geleentheid - Theronnie en Liz van der Merwe, Jonkersnek
5. Besoek aan kloof in Sneeuberge - Antonie Troskie, Quaggasdrift
6. Visvang, stap - Jannie Pienaar, Rooipoort
7. Visvang, stap en perdry - Michau du Toit, Brookfield
8. Besoek aan Boesmantekeninge - Izak van der Merwe, Badsfontein
9. Besoek aan Visgat - stap, swem en foefie slide - Rikus en Alna Theron, Landsig
10. 4x4 Roete Middelkop - Peet de Klerk, Brandkraal
11. Kultuurtoer, van kerk tot sjebien, deur die dorp, per donkiekar
12. Stappie na Dokterskoppie, ou grotte, steenoonde en keerwal, alles naby die dorp. (Hierdie is 'n kort uitstappie en kan dalk liefs in julle eie "af-tyd" gedoen word)
13. Besoek aan "grootword" plase - soos bo gesê, is dit belangrik dat ons vooraf hiervan weet sodat die kontakpersoon dit met die huidige eienaars kan reël.

Saterdagagaand: Vanaf 18h30 samekoms by skousaal met ete aangebied deur die VLV. Ons gaan sommer lekker kuier en musiek kan gereël word en kan ons 'n voetjie uitpak! (Die persoon wat die musiek maak, moet vergoed word, daarom is die idee van registrasie en 'n registrasie-fooi nodig)

Sondagoggend: Kerkdiens om 10h00. Orreluitvoering deur tannie Hermien Botha

Sondagmiddag na kerk: 'n Meer formele ete by die skousaal waar ons mekaar sal groet. Reüniegangers is natuurlik welkom om langer te bly en vêrder by ou kennisse/familie te kuier.

Kontakpersoon: Sonja Liebenberg by: sonja.liebenberg@betterbond.co.za

Tel 017 634 2670 - Fax 086 501 3861 - Cell 082 773 4639